**AMALGAMATED ELECTRONIC CORPORATION LIMITED**
(“Amecor” of “die Groep”)
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1997/010036/06)
Aandeelkode: AER
ISIN: ZAE000070587

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE NAGEGANE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009 EN DIVIDENDVERKLARING

Omset




Bedryfswins




Wins na belasting




Verdienste per aandeel




- **Omset styg met 227%**
- **Bedryfswins styg met 107%**
- **Wins na belasting styg met 88%**
- **Verdienste en wesensverdienste per aandeel styg met 47%**
- **Dividend van 8 sent per aandeel verklaar**

## GROEPINKOMSTESTAAT

| | Aantekeninge | Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Nagegaan) R’000 | Jaar geëindig 31 Maart 2008 (Geouditeer) R’000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | **140 459** | 43 748 |
| Omset | | **138 100** | 42 188 |
| Bedryfskoste uitgesonderd depresiasie en amortisasie | | **(95 763)** | (21 812) |
| **Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie** | | **42 337** | 20 376 |
| Depresiasie en amortisasie | | **(2 351)** | (1 015) |
| **Bedryfswins** | | **39 986** | 19 361 |
| Finansieringsinkomste | | **1 653** | 1 399 |
| Finansieringsuitgawe | | **(1 282)** | (7) |
| **Wins voor belasting** | | **40 357** | 20 753 |
| Belasting | | **(10 700)** | (4 983) |
| **Wins** | | **29 657** | 15 770 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | |
| Gewone aandeelhouers van Amecor | | **23 762** | 15 770 |
| Minderheidsbelang | | **5 895** | – |
| | | **29 657** | 15 770 |
| Verdienste per aandeel (sent) | 3 | **33,7** | 23,0 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | | **31,9** | 23,0 |

## GROEPBALANSSTAAT

| | Aantekeninge | 31 Maart 2009 (Nagegaan) R’000 | 31 Maart 2008 (Geouditeer) R’000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | **69 941** | 53 270 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | 7 | **7 183** | 2 623 |
| Ontasbare bates | | **7 725** | 5 564 |
| Klandisiewaarde | | **54 034** | 44 169 |
| Uitgesteldebelasting-bate | | **999** | 914 |
| **Bedryfsbates** | | **88 152** | 28 348 |
| Voorraad | | **22 952** | 5 375 |
| Ontvangbare rekenings en ander bedryfsbates | | **46 030** | 5 992 |
| Belasting | | **2 459** | 1 638 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **16 711** | 15 343 |
| **Totale bates** | | **158 093** | 81 618 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| Uitgereikte kapitaal | | **71 904** | 69 193 |
| Behoue verdienste | | **43 570** | 6 788 |
| Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Amecor | | **30 550** | 6 788 |
| Minderheidsbelang | | **13 020** | – |
| **Totale ekwiteit** | | **115 474** | 75 981 |
| **Nie-bedryfslaste** | | **12 051** | 1 557 |
| Rentedraende lenings | 5 | **10 601** | – |
| Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede | | **1 450** | 1 557 |
| **Bedryfslaste** | | **30 568** | 4 080 |
| Handels- en ander betaalbare rekenings | | **29 370** | 4 080 |
| Belasting | | **1 198** | – |
| **Totale ekwiteit en laste** | | **158 093** | 81 618 |
| **Netto batewaarde per aandeel (sent)** | 4 | **161,2** | 110,9 |

## GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Nagegaan) R’000 | Jaar geëindig 31 Maart 2008 (Geouditeer) R’000 |
|---|---|---|
| **Netto invloei uit bedryfsaktiwiteite** | **7 233** | 7 924 |
| **Netto uitvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(18 477)** | (4 572) |
| **Netto invloei uit finansieringsaktiwiteite** | **11 909** | – |
| **Netto beweging in kontantsaldo’s** | **665** | 3 352 |
| Kontant aan begin van die jaar | **15 343** | 11 991 |
| Kontant en kontantekwivalente verkry | **703** | – |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **16 711** | 15 343 |

## GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Uitgereikte kapitaal R’000 | Behoue verdienste R’000 | Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers van Amecor R’000 | Minderheidsbelang R’000 | Totale ekwiteit R’000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 April 2007** | 69 197 | (4 539) | 64 658 | – | 64 658 |
| Dividende betaal aan aandeelhouers | – | (4 443) | (4 443) | – | (4 443) |
| Tesourieaandele | (4) | – | (4) | – | (4) |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers | – | 15 770 | 15 770 | – | 15 770 |
| Totale veranderings | (4) | 11 327 | 11 323 | – | 11 323 |
| **Saldo op 1 April 2008** | 69 193 | 6 788 | 75 981 | – | 75 981 |
| Aandele-uitgifte aan PDS Groepverkopers | 3 138 | – | 3 138 | – | 3 138 |
| Tesourieaandele | (427) | – | (427) | – | (427) |
| Minderhede verkry | – | – | – | 7 125 | 7 125 |
| Winste toeskryfbaar aan aandeelhouers | – | 23 762 | 23 762 | 5 895 | 29 657 |
| Totale veranderings | 2 711 | 23 762 | 26 473 | 13 020 | 39 493 |
| **Saldo op 31 Maart 2009** | **71 904** | **30 550** | **102 454** | **13 020** | **115 474** |

## KOMMENTAAR DEUR BESTUUR

Amecor se vernaamste operasionele sakeondernemings verskaf die volgende produkte en dienste:

**Beheermaatskappy**: AMECOR – AMALGAMATED ELECTRONIC CORPORATION LTD

**Bestuur en administrasie**: Tisec Management Services | Amecor Power Services | Biz Afrika 327

**Operasioneel**: FSK Groep | PDS Groep

**FSK Groep**

**FSK Electronics SA “FSK”**
Kort- en langafstand digitale gesintetiseerde radiosenders, gerekenariseerde radio- en GSM-herhalernetwerke, hoëspoedradio- en GSM-modems, wagmoniteertoerusting; en 'n reeks unieke GSM-gebaseerde toerusting geïntegreer met hoëspoed-radionetwerke wat seintransmissie wêreldwyd fasiliteer

**Sabre Radio Networks “Sabre”**
Eienaarskap en bedryf van gelisensieerde dataradionetwerke dwarsdeur Suid-Afrika

**Amecor Property Developments**
**“APD”**
Fabriekspersele geleë te Richardweg 22, Industria, wat tans opgeknap word vir okkupasie in Desember 2009

**PDS Groep**

**Power Development Services “PDS”**
Verskaffing, installering, instandhouding en versiening van ononderbreekbare-kragtoevoer (“OKT”)-stelsels, generators en verwante gereedheidskragtoerusting

**Durapower Manufacturing “DM”**
Invoer van komponente, montering, verspreiding en verkoop van OKT-stelsels en verwante gereedheidskragtoerusting

**Gillespie Diesel Services “GDS”**
Montering, verspreiding en verkoop van dieselgenerators

**FINANSIËLE OORSIG**

Die direksie doen met genoeë verslag van wesensverdienste vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2009 van 33,7 sent per aandeel (2008: 23,0 sent), ’n styging van 46,5% bo die vergelykende tydperk. Omset en wins voor belasting vir die tydperk onder oorsig het met:

- 227,3% tot R138,1 miljoen; en
- 94,5% tot R40,4 miljoen

onderskeidelik gestyg vergeleke met die finansiële jaar 2008. Die ontleding van omset en wins voor belasting op ’n segmentele grondslag word hierin gedetailleer.

Kapitaalbesteding van R2,8 miljoen is in die tydperk onder oorsig aangegaan, wat voortgesette investering deur die Groep in navorsing en ontwikkeling weerspieël.

**PDS Groep-verkryging**

Amecor het ’n 50,1%-aandeelhouding in die PDS Groep met ingang van 1 Julie 2008 verkry. Die verkryging het met Amecor se fundamentele strategie ooreengestem en bied ook ’n aantal sinergieë tussen bedryfsentiteite in die Amecor Groep sowel as geleenthede vir die kruisverkoop van nis elektroniese oplossings en die uitbreiding van dienste oor ’n breër kliëntebasis. Die balansstaat by verkryging is soos volg:

| | PDS R’000 | DM R’000 | GDS R’000 | Totaal R’000 |
|---|---|---|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | | | | |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | 1 028 | 19 | 474 | 1 521 |
| Groeplenings | 1 485 | (2) | – | 1 483 |
| **Bedryfsbates** | | | | |
| Voorraad | 3 280 | 2 840 | 7 450 | 13 570 |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | 13 100 | 3 204 | 8 621 | 24 925 |
| Kontant | 2 776 | 18 | 294 | 3 088 |
| BTW-beheer | 40 | 76 | – | 116 |
| Belasting | 62 | – | – | 62 |
| Deposito’s en voorafbetalings | – | – | 217 | 217 |
| **Totale bates** | 21 771 | 6 155 | 17 056 | 44 982 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | |
| Afbetalingsverkoopkrediteure | 1 413 | 22 | 924 | 2 359 |
| Direkteurs/aandeelhouerslenings | 113 | – | – | 113 |
| **Bedryfslaste** | | | | |
| Bankoortrekking | 1 216 | 1 170 | – | 2 386 |
| Handels- en ander betaalbare rekenings | 7 754 | 1 644 | 6 083 | 15 481 |
| Voorsienings en oplopings | 486 | 4 | 179 | 669 |
| Klantedeposito’s | 148 | – | 1 402 | 1 550 |
| Uitgestelde belasting | 22 | 2 | – | 24 |
| Belasting | 726 | 43 | 620 | 1 389 |
| Lopende gedeelte van langtermynaanspreeklikheid | – | – | 36 | 36 |
| BTW-beheer | – | – | 366 | 366 |
| **Totale laste** | 11 878 | 2 885 | 9 610 | 24 373 |
| **Netto batewaarde** | 9 893 | 3 270 | 7 446 | 20 609 |
| **%-aandeelhouding verkry** | 50,2 | 50,3 | 50,1 | |
| **Proporsionele netto batewaarde verkry** | 4 967 | 1 645 | 3 730 | 10 342 |
| Koste van sakeondernemingskombinasie | 7 535 | 2 496 | 5 660 | 15 690 |
| – Billike waarde van aandele uitgereik | 1 507 | 499 | 1 132 | 3 138 |
| – Kontant ontvang | (1 363) | 1 152 | (294) | (505) |
| – Kontant betaal | 7 391 | 845 | 4 822 | 13 058 |
| **Klandisiewaardekomponent van verkryging**[1] | 2 568 | 851 | 1 929 | 5 348 |
| Wins sedert verkryging (100%) | 3 697 | 1 516 | 6 614 | 11 827 |
| Wins toeskryfbaar aan Amecor-aandeelhouers (50,1%) | 1 841 | 753 | 3 300 | 5 895 |

***Aantekening 1:*** *Die koopprys betaal vir die 50,1%-aandeelhouding in die PDS Groep is tussen identifiseerbare verkreë bates en laste toegewys. Die bedrag waarmee die identifiseerbare bates en laste oorskry is, word as klandisiewaarde erken.*

**BEDRYFSOORSIG**

**FSK Electronics (“FSK”)**

FSK bly winsgewend. Die voortdurende ontwikkeling van nuwe FSK-produkte in 2009 het FSK in staat gestel om na ander vertakkings van die sekuriteitsbedryf uit te brei, waar die verkryging van aanvullende produkte die diversiteit en aanpasbaarheid van die vergrote FSK-produkreeks verhoog het. Die produkreeks is met altesaam vier voltooide produkte uitgebrei en groei steeds danksy die navorsing-en-ontwikkelingsafdelingspan se verbintenis tot innovering en tegnologie.

**Sabre Radio Networks (“Sabre”)**

Sabre het aansienlik bygedra tot sy kliëntebasis en die Groep het gebaat by sy volgehoue groei en herhalende annuïteitsinkomste.

Sabre besit, installeer, bestuur en versorg al die toerusting wat in die radiofrekwensie(“RF”)-netwerke gebruik word. Hierdie netwerke maak die sending en ontvangs van dataseine na en van beveiligde terreine en sekuriteitsbeheerkamers moontlik. Sabre se netwerke is in alle groot sentrums in Suid-Afrika geleë, wat landwye dekking moontlik maak, met reëletyd-monitering van terreine van oral in die land.

Afgesien van die radionetwerk verskaf Sabre ’n GSM- private Toegangspuntnaam (“APN”) en bedieners vir die roetering van alarminligting via die GSM-netwerk. Die GSM-netwerk maak landwye roetering van alarmseine moontlik, tesame met hoëspoeddekking na die radionetwerke. Gevolglik send die netwerk seine met behulp van twee mediums: RF en mobiele tegnologie. Hierdie dubbelmedium verseker onmiddellike transmissie van data via roeteringstoerusting wat die mees effektiewe baan vir seine outomaties kies.

**PDS Groep**

Amecor se verkryging van 50,1% van die PDS Groep het bygedra tot produkdiversifisering in die Groep. Die PDS Groepmaatskappye, bestaande uit Power Development Services (“PDS”), Gillespie Diesel Services (“GDS”) en Durapower Manufacturing (“DM”) word bedryf as ’n samehangende eenheid wat individuele ondernemingsbedrywighede deur die vervaardiging, verspreiding en installering van kragoplossings aanvul.

Die PDS-handelsnaam het sy lank bestaande reputasie vir voortreflike gehalte in die kragbedryf gestand gedoen deurdat hy slegs handel dryf in toerusting wat die toppunt van die reeks verteenwoordig. Hierdie hoë produkstandaard het die invloei van goedkoop, onbetroubare invoere sonder diensondersteuning verreweg oortref. PDS het daarin geslaag om die standaard te verhoog en die norm vir alternatiewe kragoplossings deur middel van produkgehalte, betroubaarheid, naverkoopsdiens en, bowenal, veiligheid te stel.

Die huidige vraag na alternatiewe elektrisiteit dwarsdeur Suid-Afrika plaas PDS in ’n gunstige posisie.

DM gaan voort om nommerpas ononderbreekbarekragtoevoer(”OKT“)-oplossings van voortreflike gehalte aan ’n breë markspektrum te verskaf.

**Voorwaardelik uitreikbare aandele**

Die geskilbeslegtingsarbitrasie met die aandeelhouer en voormalige direkteur Rabie van der Merwe is tot op hede nie afgehandel nie. Mnr Van der Merwe het weer aansoek gedoen om ’n uitstelling en dit is toegestaan. Geen verdere datums is vir die arbitrasie bepaal nie.

**Produkontwikkeling**

Die Groep het voortgegaan om in navorsing en ontwikkeling te investeer, wat tot gevolg gehad het dat verdere hoëgehalte-produkte op die plaaslike mark en internasionale markte bekend gestel is.

**Kapitaalverbintenis**

Die Groep het hom verbind tot voortgesette produkontwikkelingskoste in die volgende finansiële jaar. Die FSK Groep het eiendom vir die som van R3,3 miljoen verkry en ’n verdere R5,0 miljoen vir verbouings en verbeterings verbind.

## AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE NAGEGANE FINANSIËLE STATE

**1. Belangrike rekeningkundige beleide**

Amecor is ’n maatskappy wat in Suid-Afrika gedomisilieer is. Die verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële state van Amecor vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 behels die Maatskappy en sy filiale (tesame die “Groep” genoem).

Die direkteure het die uitreiking van die verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële state op 3 Junie 2009 gemagtig.

**1.1 Voldoeningsverklaring**

Die verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële state is ooreenkomstig die erkennings- en metingsvereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (“IFRS”) en die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van IAS 34 – *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet opgestel.

**1.2 Opstellingsgrondslag**

Die verkorte gekonsolideerde nagegane finansiële state is ooreenkomstig die erkennings- en metingsvereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (“IFRS”) en die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van Internasionale Rekeningkundige Standaard 34 (“IAS 34”) en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet opgestel. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting wat vir volledige finansiële state vereis word in nie en moet tesame met die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 gelees word. Die Maatskappy verwag om die jaarverslae om en by einde Augustus 2009 te pos. Die Groep se rekeningkundige beleide stem ooreen met die vorige jaar se geouditeerde finansiële state.

**2. Nagaan van resultate**

Mazars Moores Rowland het ’n ongekwalifiseerde nagaanmening oor die verkorte gekonsolideerde finansiële state onderteken, soos deur die JSE vereis. Hierdie finansiële state is deur die direksie goedgekeur en vir die doeleindes van hierdie verslag verkort. Die ouditeure het die verkorte gekonsolideerde finansiële state nagegaan. Die nagegane verslag is by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

**3. Verdienste per aandeel (“VPA”)**

VPA is gegrond op die Groep se wins vir die twaalfmaandetydperk geëindig 31 Maart 2009, gedeel deur die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele gedurende die jaar.

| | Netto wins 000e | Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele 000e | Verdienste per aandeel Sent |
|---|---|---|---|
| Verdienste | 23 762 | 70 602 | 33,7 |
| Verwaterde verdienste | 23 762 | 74 542 | 31,9 |
| Rekonsiliasie van wesensverdienste<br>Wesensverdienste per aandeel is gegrond op die Groep se wesensverdienste, gedeel deur die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele gedurende die 12-maande-tydperk geëindig 31 Maart 2009. | | | |
| Wesensverdienste | 23 762 | 70 602 | 33,7 |
| Verwaterde wesensverdienste | 23 762 | 74 542 | 31,9 |

Verwaterde verdienste en wesensverdienste het ooreenkomstig die uitoefening van aandeleopsies deur die uitvoerende beamptes en Aandeletrust vir Werknemers gestyg. 3 939 775 aandele is teen ’n uitgifteprys van 25 sent per aandeel uitgereik.

**4. Netto batewaarde (“NBW”) per aandeel**

Die netto batewaarde per aandeel is die waarde van die Groep se bates, min die som van die waarde van sy laste, gedeel deur die getal uitgereikte aandele.

| | **Nagegaan jaar geëindig 31 Maart 2009** |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal en reserwes (R’000) | **115 474** |
| Totale getal uitgereikte aandele (na aftrekking van 2 404 811 tesourieaandele) (000e) | **71 641** |
| NBW per aandeel (sent) | **161,2** |
| Gewone aandelekapitaal en reserwes (R’000) | **115 474** |
| Klandisiewaarde | **(54 034)** |
| Ontasbare bates | **(7 725)** |
| Tasbare netto batewaarde | **53 715** |
| Totale getal uitgereikte aandele (na aftrekking van 2 404 811 tesourieaandele) (000e) | **71 641** |
| Tasbare NBW per aandeel (sent) | **75,0** |

**5. Toename in lenings**

Befondsing ten bedrae van R12,5 miljoen is deur middel van ABSA Bank verkry om die PDS Groep van bedryfskapitaal en kapitaalbesteding in die Amecor Groep te voorsien.

Amecor Property Developments het ’n verband oor die eiendom wat by Richardsweg 14, Industria, gekoop is vir ’n totale bedrag van R6,0 miljoen by ABSA Bank geregistreer. Tot op hede is R2,2 miljoen onttrek en die saldo is beskikbaar wanneer bouverbeteringe begin.

**6. Segmentele ontleding**

Die Groep se besigheidsegmente en segmentele inligting wat in die verkorte gekonsolideerde nagegane resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 aangebied word, verteenwoordig die primêre grondslag vir segmentele verslagdoening. Die besigheidsegment-verslagdoeningsformaat weerspieël die Groep se bestuurs- en interne verslagdoeningstruktuur. Tussensegmenttransaksies word ooreenkomstig armlengtebepalings en -voorwaardes gesluit.

| | Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Nagegaan) R’000 | Jaar geëindig 31 Maart 2008 (Geouditeer) R’000 |
|---|---|---|
| **Segmentomset** | | |
| Sekuriteit en verwante produksie en verkope | **42 380** | 30 087 |
| Netwerk- en annuïteitsinkomste | **13 235** | 11 160 |
| Verskaffing en instandhouding van alternatiewe kragbronne | **80 338** | – |
| Beheer- en bestuursfiliale | **19 270** | 8 947 |
| Uitskakelings | **(17 123)** | (8 006) |
| **Totale omset** | **138 100** | 42 188 |
| **Wins toeskryfbaar aan Amecor-aandeelhouers** | | |
| Sekuriteit en verwante produksie en verkope | **8 634** | 9 852 |
| Netwerk- en annuïteitsinkomste | **7 013** | 5 760 |
| Verskaffing en instandhouding van alternatiewe kragbronne | **5 932** | – |
| Beheer- en bestuursfiliale | **359** | 3 128 |
| Uitskakelings | **1 824** | (2 970) |
| **Totaal** | **23 762** | 15 770 |

**7. Eiendom, masjinerie en toerusting**

Die netto boekwaarde van eiendom, masjinerie en toerusting kan soos volg opgesom word:

| | 1 April 2008 R’000 | Vaste bates verkry by verkryging van PDS Groep R’000 | Huidige depresiasie R’000 | Toevoegings R’000 | Vervreemdings R’000 | **31 Maart 2009 R’000** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Grond en geboue | – | – | – | 3 499 | – | **3 499** |
| Masjinerie en toerusting | 2 010 | 98 | (1 098) | 549 | (21) | **1 538** |
| Motorvoertuie | 140 | 1 297 | (538) | 404 | (43) | **1 260** |
| Meubels en toebehore | 227 | 33 | (78) | 57 | – | **239** |
| Kantoortoerusting | 91 | 49 | (34) | 74 | – | **180** |
| Rekenaartoerusting en sagteware | 110 | 44 | (168) | 461 | (15) | **432** |
| Huurverbeterings | 45 | – | (32) | 22 | – | **35** |
| Totaal | 2 623 | 1 521 | (1 948) | 5 066 | (79) | **7 183** |

**8. Verwanteparty-transaksies**

| | Jaar geëindig 31 Maart 2009 (Nagegaan) R’000 | Jaar geëindig 31 Maart 2008 (Geouditeer) R’000 |
|---|---|---|
| **Aankope vanaf medefiliaalmaatskappye** | **7 630** | – |
| Aankope vanaf verwante partye word teen normale markpryse gedoen. | | |
| **Bestuursgelde betaal aan medefiliaalmaatskappy** | **9 493** | 8 006 |
| Bestuursgelde is betaal vir dienste gelewer op die gebied van administrasie en tegniese advies, gegrond op die toegedeelde tyd wat deur die medefiliaal se personeel bestee is. | | |
| **Huurkontrakte met verwante partye** | **628** | 660 |
| Die huurgeld word ooreenkomstig armlengte- en markverwante tariewe gehef, soos deur ’n onafhanklike derde party bepaal. | | |
| **Verkope aan verwante partye** | **9 771** | – |

Hierdie transaksies het ooreenkomstig armlengte-, markverwante bepalings en voorwaardes plaasgevind.

**9. Gebeure na die balansstaatdatum**

’n Aandeleopsieskema is in 2005 in Amecor gestig. Die direkteure en personeel het besluit om hulle opsies, vir die totale som van 3,9 miljoen gewone Amecor-aandele teen ’n prys van 25 sent per aandeel, op 7 April 2009 uit te oefen.

**10. Dividende**

Die direkteure het besluit om ’n enkele jaarlikse dividend te betaal en ’n dividenddekking van vier keer te handhaaf. Gevolglik sal die Maatskappy se tweede jaarlikse dividend, betaalbaar op Maandag, 6 Julie 2009, vir die jaar geëindig 31 Maart 2009, 8 sent per gewone aandeel bedra, soos volg bereken:

| | |
|---|---|
| Wins na belasting (R’000) | 23 762 |
| Dividenddekking | 4 keer |
| Uitkeerbare dividend (R’000) | 6 238 |
| Totale getal uitgereikte aandele (000e) | 77 985 |
| Dividend betaalbaar per aandeel (sent) | 8 |
| Besonderhede van dividendbetaling | |
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Vrydag, 26 Junie 2009 |
| Handel sonder dividend neem ’n aanvang | Maandag, 29 Junie 2009 |
| Rekorddatum | Vrydag, 3 Julie 2009 |
| Betaaldatum | Maandag, 6 Julie 2009 |

Aandelesertifikate mag van Maandag, 29 Junie 2009, tot en met Vrydag, 3 Julie 2009, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie. Die register van aandele met sertifikate sal vir dié tydperk gesluit wees.

**11. Direkteure**

HS Courtney *(Nie-uitvoerende voorsitter)*
DH Alexander *(Hoof uitvoerende beampte)*
KA Colley *(Uitvoerende direkteur en maatskappysekretaris)*
M Noge *(Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur)*
KA Vieira *(Bedryfsdirekteur)*

Al bogenoemde direkteure is Suid-Afrikaans en woon in Suid-Afrika.

Keith Vieira is op 12 Januarie 2009 as ’n uitvoerende direkteur aangestel. Keith was voorheen die bedryfsdirekteur van die FSK Groep.

**12. Vooruitsig**

Ekonome voorspel ’n uitdagende jaar wat voorlê maar ons bly vol vertroue dat ons toegespitste strategie en bedryfsdoeltreffendheid ons in staat sal stel om te aanhou presteer.

Ons glo die Groep se markposisie, laekosteprodukte van hoë gehalte, en verbintenis tot operasionele verbetering en uitbreiding sal ons volgehoue sukses verseker.

Namens die direksie

**HS Courtney**
*Voorsitter**

**DH Alexander**
*Hoof uitvoerende beampte*

Johannesburg
11 Junie 2009

**Direkteure**
HS Courtney *(Voorsitter)**, DH Alexander
KA Colley, M Noge*, KA Vieira
*[* nie-uitvoerend]*

**Oordragsekretaris**
Link Market Services (Edms) Beperk
Diagonalstraat 11, Johannesburg, 2001
(Posbus 4844, Johannesburg, 2000)

**Geregistreerde kantoor**
Resource-gebou
Springstraat 7, Rivonia

**Borg**
Sasfin Capital Beperk
PDNA-gebou, Grondverdieping
Scottstraat 25, Waverley, 2090
(Posbus 95104, Grant Park, 2051)

**Besoek ons by www.amecor.com**

**INNOVASIE DEUR TEGNOLOGIE**

motiv